

27 Mei

Skrifgedeelte: Psalm 100

Fokusgedeelte: Psalm 100:2

Dien die Here met blydskap!

As 'n mens soms na lidmate in 'n erediens kyk, mag dit lyk asof wat hulle doen vreeslik onaangenaam is. Met dooie, bekommerde en lewelose gesigte word gesing, geloof bely en na die Woord geluister. Dit het menige mens al laat vra: “*Is dit die moeite werd om 'n kind van die Here te wees?*”

Ons moet maar net weer 'n slag behoorlik gaan dink aan wat God Drie-Enig vir ons is en doen en beteken, dan sal waartoe Psalm 100 ons oproep, waarlik by ons lewe – en dit in voor- en teëspoed. Dan sal ons diens in blydskap geskied en so uit ons straal.

As Vader gee Hy aan jou en my lewe en dra ons ook in die lewe. Hanteer Hy ons as sondaarmense nie as vreemdelinge nie, maar as kinders in Jesus Christus. Elke dag staan ons onder die vreugde van sy genade en liefde en ervaar ons dit in elke stukkie seën. *Rede om Hom te dien met blydskap!*

As Seun neem Hy die volle las van ons sondes op Hom en stap daarmee die kruis op. Hy betaal vir alles en maak ons volkome vry. Vrees vir die straf en toorn hoef nie meer by ons te leef nie, want ons Verlosser staan langs sy Vader as ons Pleitbesorger. *Rede om Hom te dien met blydskap!*

As Heilige Gees kom woon Hy as Heilige in ons nietige, sondige liggame. Daar werk Hy tot ons troos. Wek Hy ons op om in gehoorsaamheid aan God se wil te lewe. Bring Hy ons tot geloof en voed Hy die geloof deur die Woord in ons. Maak Hy ons van sondes bewus en bring ons tot berou. *Rede om Hom te dien met blydskap!*

U sien: vir die groot daade van God Drie-Enig is daar drie-dubbele rede om Hom te dien met blydskap. Moet daarin nie veragter of toelaat dat 'n gejaagde lewe jou daarvan berooft nie.

Sing: Psalm 100:1-4 (Totius)

Ds P Fanoy (Ontdekkers)